Verdraaiings van die Skrifte

G. J. Du Preez 072 1876 076

Verdraaiings in die Nuwe Vertaling

Ek het Prof. J.S. Malan, Universiteit van die Noorde se bevindinge oor die 'verdraaiings en uitlatings" deurgegaan, waarmee ek saamstem. Al wat ek bygevoeg het is die oorspronklike NAME soos dit hoort.

Hiermee sy opsomming: Die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Skrifte bevat veranderings en weglatings wat sowel uit die eksegetiese vertaal metode as uit die onvolledige grondteks spruit. In die jare sedert die Nuwe Afrikaanse Skrif (NAB) in 1983 deur die Bybelgenootskap vrygestel is, het 'n skokkende lang lys vertaal foute, verdraaiings, afgewaterde stellings en weglatings aan die lig gekom. Hierdie foute kan gedeeltelik herlei word na die onvolledige grondteks wat gebruik is, en andersyds na die willekeurig eksegetiese vertalings metode, nl. die dinamies - ekwivalente metode, wat gevolg is.
Die vertalers het hulleself die vryheid veroorloof om in terme van hul eie teologiese raamwerk verklarend te vertaal en in die proses die betekenisse van baie tekste te verander. 'n Doelbewuste poging is ook aangewend om Ou Verbond [Testamentiese] messiaanse profesieë só te verdraai dat die leser nie moet agterkom dat dit op die Meester YAHUSHA dui nie. Indien hierdie vertaling as 'n parafrase bemark is, sou dit minder misleidend gewees het. Om dit egter ten spyte van die vrysinnige vertaling, weglatings en subjektiewe veranderings nog steeds DIE SKRIFTE te noem, is om die minste te sê aanmatigend.

YAH sê duidelik:
"Julle mag by die woord wat Ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van YAH julle Skepper mag onderhou, wat Ek julle beveel" (Deut. 4:2). 'n Aantal van die belangrikste verskille tussen die ou vertaling (1933 soos in 1953 hersien) en die nuwe vertaling word hieronder aangetoon. Slegs enkele tekste word uit die Ou Testament aangehaal:
Gen. 43:34
Ou Vert.: "Hierop het hy aan hulle porsies uitgedeel van die ete wat voor hom staan... En hulle het gedrink en saam met hom vrolik geword."
Nuwe Vert.: "Elkeen se kos is van Josef se tafel af aangegee... Hulle het wyn gedrink en saam met Josef dronk geword."
Ps. 22:17
Ou Vert.: "...'n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en my voete deurgrawe."
Nuwe Vert.: "Die bende misdadigers sak op my toe, hulle bind my hande en voete vas."
Kommentaar: Hierdie is 'n Messiaanse profesie wat op die foltering (pynig / martel) dui. YAHUSHA se hande en voete was nie vasgebind nie, maar deurgrawe.

Jes. 7:14
Ou Vert.: "Daarom sal VADER self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem."
Nuwe Vert.: "Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem."
Kommentaar: Dit is 'n teken ('n wonderwerk) as 'n maagd swanger raak, maar nie as 'n jong vrou swanger raak nie. Die Nuwe Vert. skram doel bewustelik van die maagdelike geboorte van YAHUSHA en 'n konnotasie met Matt. 1:23 weg.

Dan. 7:13
Ou Vert.: "Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens" [die mens – Son of man, soos in die King James Version].
Nuwe Vert. "My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese."
Kommentaar: Die titel die Seun van die mens kom hier die eerste keer in die Skrif voor, en dui onmiskenbaar op YAHUSHA. Die Nuwe Vert. verdraai dié titel só dat niemand dit kan erken nie.

Sag. 12:10
Ou Vert.: "Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van guns en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het."
Nuwe Vert.: "Maar oor die koningshuis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem bring Ek 'n gees van welwillendheid en van berou: hulle sal na hom kyk vir wie hulle doodgesteek het."
Kommentaar: In Sagaria sê YAH dat Hy die Rein Gees, die "Gees van guns en smekinge", net voor die eindtyd se koms van die Messiahs oor Yashar'EL sal uitstort sodat hulle Hom aan Sy deurboorde hande en voete sal kan uitken en na Hom kan opsien vir redding. Die Nuwe Vert. maak hiervan net 'n humanistiese "gees van welwillendheid" wat onder mense vaardig sal word. Weereens skryf hulle die Messiahs uit die Ou Testament en verwys nie na "My vir wie hulle deurboor het" nie, maar na "hom vir wie hulle doodgesteek het." YAHUSHA is nie doodgesteek aan die kruis nie, maar het self Sy lewe afgelê (Joh. 10:17-18).

Miga 5:1
Ou Vert. "En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in ~~Israel~~ Yashar'EL *sal wees; en Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid."*
Nuwe Vert. "Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Yashar'EL regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryse verlede."

Kommentaar: Volgens die nuwe weergawe van die teks bestaan die Messiahs nie van alle ewigheid af nie, en is Sy begin iewers in die gryse verlede. Weereens wil die vertalers nie hê dat YAHUSHA hierin gesien moet word nie. Volgens Matt. 2:6 en Joh. 7:42 is Miga 5:1 egter onteenseglik 'n messiaanse profesie.

Bogenoemde is slegs enkele voorbeelde uit die Ou Testament. Oral is pogings aangewend om die Messiaanse profesieë te versluier. 'n Baie algemene metode is bv. om die persoonlike naamwoorde en voornaamwoorde wat op die Meester YAHUSHA dui, in die Nuwe Vert. met 'n kleinletter te skryf, bv. Jes. 49:1-7, Jes. 53:1-12 en Jes. 61:1.
'n Paar ander 'regstellings' is ook gemaak, bv. in Prediker 10:2. Die Ou Vert. sê*: "Die hart van die wyse is na regs, maar die hart van die dwaas is na links."* Die Nuwe Vert. sê: "Die verstand van een wat wysheid het, gee hom krag, maar dié van 'n dwaas maak hom swak." Dit is nóg 'n verdraaiing!

<u>Die Nuwe Testament</u>
Die aanslag van die vertalers het ernstige skade aan die Nuwe Testament berokken. Ek beskik oor 'n lys van 256 veranderings, verdraaiings en weglatings. Dit is nie eers naastenby almal nie. In Handelinge is die woord dissipels etlike kere met gelowiges vertaal. Vergelyk bv. Hand. 6:1 en 7 In Paulus se briewe is die woord heiliges met gelowiges of met gemeente vertaal. Telkens kom dit op 'n verlaging in standaarde neer, wat die gevolg is van die feit dat dit semanties foutiewe weergawes van die oorspronklike terme is. Wat die weglatings van tekste betref, is dit opvallend dat die betrokke teks nommers in die Nuwe Vertaling verskyn, maar niks daarna nie. Indien mens die tekste met 'n hoog aangeskrewe Engelse vertaling soos die King James Version vergelyk, dan word die tekste as outentiek en deel van die Rein Skrifte beskou. In die Nuwe Vertaling is hulle egter uitgelaat. Die volgende is van die belangrikste veranderings en weglatings in die Nuwe Testament van die NAB:

<u>MATTHEUS:</u>
1:25 "Eersgeborene" is uitgelaat.
5:44 "seën die wat julle vervloek, doen goed aan die wat julle haat" is uitgelaat.
6:13 "want aan U behoort die koninkryk en die krag en die lofwaardigheid tot in ewigheid, Amein" is uitgelaat.
6:27 "een el by sy lengte voeg" is verander na "een enkele uur by sy lewe voeg".
8:29, 14:14, 14:25, 15:30, 17:11, 17:20, 18:2, en 24:2 "YAHUSHA" is uit al dié tekste uitgelaat.
9:13 "tot bekering" is uitgelaat.

MATTHEUS:

13:51 "YAHUSHA - Meester" is uitgelaat.
15:8 "nader My met hulle mond" is uitgelaat.
16:3 "geveinsdes" is uitgelaat.
17:21 VERS UITGELAAT*: "Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie"*.
18:11 VERS UITGELAAT: *"Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is"*.
19:9 "en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk" is uitgelaat; en "hoerery" is verander na "owerspel".
20:16 "want baie is geroep maar min uitverkies" is uitgelaat.
20:22 "en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word" is uitgelaat.
21:12 "van VADER" is uitgelaat.
23:8 "Gesalfde" is uitgelaat.
23:14 VERS UITGELAAT: *"Wee julle skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang"*.
25:13 "waarop die Seun van die mens kom nie" is uitgelaat.
27:35 "sodat vervul sou word wat deur die profeet gespreek is: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad die lot gewerp" is uitgelaat. In die Ou Vertaling is die kruisverwysing na Psalm 22:19, waarin dit baie duidelik is die lot oor YAHUSHA se gewaad gewerp sou word.
28:6 "Hy het opgestaan" is verander na "Hy is uit die dood opgewek". Dit is nog 'n poging om YAHUSHA se Lofwaardigheid te ontken. "Meester" is ook uitgelaat.
28:7 "Hy het opgestaan uit die dode" is verander na "Hy is uit die dood opgewek". Kyk Joh. 10:17-18.
28:9 "en terwyl hulle op weg was om dit aan Sy dissipels te vertel" is uitgelaat.

MARKUS:

2:17 "tot bekering" is uitgelaat.
5:13 en 7:27 "YAHUSHA" is uitgelaat.
6:11 "Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir Sodom of Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad" is uitgelaat.
6:33 "Hom" is verander na "hulle". "by Hom vergader" is uitgelaat.
7:16 VERS UITGELAAT: *"As iemand ore het om te hoor, laat hom hoor"*.
9:24 "Meester" is uitgelaat.
9:44 en 9:46 VERS UITGELAAT: *"waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie"*.
9:49 "en elke offerande sal met sout gesout word" is uitgelaat.
10:21 "neem die kruis [folter paal] op" is uitgelaat.
10:24 "vir die wat op hulle goed vertrou" is uitgelaat.

MARKUS:
11:10 "in die Naam van YAH" is uitgelaat.
11:26 VERS UITGELAAT: *"Maar as julle nie vergewe nie, sal julle VADER wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie".*
13:14 "waarvan gespreek is deur die profeet Daniël" is uitgelaat.
13:33 "waak en bid" is verander na "wees waaksaam".
15:28 VERS UITGELAAT: *"en die Skrif is vervul wat sê: En Hy is by die misdadigers gereken".*
16:9-20 In 'n voetnota word die hele gedeelte as 'n latere byvoeging beskou.

LUKAS:
1:28 "geseënd is jy onder die vroue" is uitgelaat.
2:33 "Josef" is verander na "Sy vader". Let op die implikasie.
2:40 "in die Gees" is uitgelaat.
2:43 "Josef en sy moeder" is verander na "sy ouers".
4:4 "maar van elke woord van VADER" is uitgelaat.
4:8 "gaan weg agter My Ha satan" is uitgelaat.
4:18 "om die wat verbryseld van hart is te genees" is uitgelaat.
4:41 "die Gesalfde" is uitgelaat.
6:48 "sy fondament was op die rots" is verander na "die huis was goed gebou". Die rots, YAHUSHA dié Gesalfde (1 Kor. 3:11), word dus nie meer genoem nie.
7:22 "YAHUSHA" is uitgelaat.
9:54 "Soos Elia ook gedoen het" is uitgelaat.
9:55 "en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie" is uitgelaat.
9:56 "want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red" is uitgelaat.
9:57 "Meester" is uitgelaat.
11:2 "Onse… wat in die hemele is… laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;" is uitgelaat.
11:4 "maar verlos ons van die Bose" is uitgelaat.
11:29 "die profeet" is uitgelaat.
12:31 "VADER" is uitgelaat.
13:25 "Meester" is uitgelaat.
17:36 VERS UITGELAAT: "Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word".
21:36 "ontvlug" is verander na "behoue deurkom". Hierdie is 'n doelbewuste fout wat gemaak is, want die vertalers kan geensins agter onkunde skuil oor die betekenis van die Griekse woord ekfeugo nie. In Hand. 16: 27 vertaal hulle dit as ontsnap, in Hand. 19:16 as gevlug, en in 1 Thess. 5:3 as ontkom. In Lukas 21:36 moet die betekenis egter omgekeer word omdat ons geleerde vriende nie glo dat YAH Sy kinders kom haal nie!
22:64 "en Hom in die aangesig geslaan en Hom gevra" is uitgelaat.

LUKAS:
23:17 VERS UITGELAAT: “En hy was verplig om vir hulle op die fees een los te laat”.
24:6 “Hy het opgestaan” is verander na “Hy is uit die dood opgewek”.
24:49 “Jerusalem” is uitgelaat.

JOHANNES
1:14 en 18 “eniggeborene” is verander na “enigste”.
1:27 “wat voor my geword het” is uitgelaat.
3:15 “nie verlore mag gaan nie” is uitgelaat.
4:42 “die Gesalfde” is uitgelaat.
5:3 “wat op die roering van die water gewag het” is uitgelaat.
5:4 VERS UITGELAAT: “want 'n engel het op bepaalde tye in die bad neergedaal en die water geroer. Die een wat dan die eerste ingaan ná die roering van die water, het gesond geword, aan watter siekte hy ook al gely het”. Die antwoord van die sieke in vers 7 is ‘n duidelike bewys daarvan dat die weglatings van verse 3 en 4 foutief is.
16:16 “omdat Ek na die VADER gaan” is uitgelaat. Kon die vertalers nie hier sien dat hulle met ‘n valse en onvolledige manuskrip te doen het nie? Die dissipels doen dan aan die einde van vers 17 navraag oor YAHUSHA se woorde: “Ek gaan na die VADER.”

HANDELINGE:
3:26 “Sy Kind YAHUSHA” is verander na “sy Dienaar”.
4:24 “YAH, U is die Skepper” is verander na “Here dit is U”.
7:30 “van YAH” is uitgelaat. “Engel van VADER” in die Ou Vert. met hoofletters wys duidelik op YAHUSHA dié Gesalfde.
7:37 “na Hom moet julle luister” is uitgelaat.
8:37 VERS UITGELAAT: “Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat YAHUSHA dié Gesalfde die Seun van VADER is”.
9:5 “dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop” is uitgelaat. Kyk Hand. 26:14.
9:6 “en terwyl hy bewe en verbaas was, sê hy: Meester wat wil U hê moet ek doen? En YAH antwoord hom:” is uitgelaat. Die vervalsing hier is ook baie duidelik in die lig van Hand. 22:10.
10:6 “Hy sal jou sê wat jy moet doen” is uitgelaat.
15:11, 16:31 en 19:4 “Gesalfde” is uitgelaat.
15:18 “Aan VADER is al Sy werke van ewigheid af bekend” is verander na “Dit is van ouds af bekend”.
19:10 “YAHUSHA” is uitgelaat.
20:28 “Wat Hy deur Sy eie bloed verkry het” is verander na “wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun”. Let weer op die implikasie.
22:16 “Meester” is uitgelaat.

HANDELINGE:
23:9 “Laat ons nie teen VADER stry nie” is uitgelaat.
24:7 VERS UITGELAAT: “maar Lisias die owerste oor duisend het gekom en hom met groot geweld uit ons hande geneem”.
24:8 “en bevel gegee dat sy beskuldigers voor u moet kom” is uitgelaat.
28:29 VERS UITGELAAT: “En toe hy dit gesê het, het die Jode onder groot woordestryd met mekaar weggegaan”.

ROMEINE:
1:16 “van dié Gesalfde” is uitgelaat.
1:19-31 “hoerery” is uitgelaat. Daar word duidelik gepoog om die uitspraak vir die leser te versag.
6:11 “onse Meester” is uitgelaat.
8:1 “vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees” is uitgelaat. Hierdeur word die eis tot ‘n lewe van rein-making verswyg.
9:28 “in geregtigheid” is uitgelaat.
10:15 “van die wat die evangelie van vrede verkondig” is uitgelaat.
11:6 “en as dit uit die werke is, dan is dit nie meer guns nie; anders is die werk geen werk meer nie” is uitgelaat.
13:9 “jy mag geen valse getuienis gee nie” is uitgelaat.
14:6 “en hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie tot eer van YAH” is uitgelaat.
14:21 “waardeur jou broer aanstoot neem – of waarin hy swak is nie” is uitgelaat.
15:8 “YAHUSHA” is uitgelaat.
15:29 “van die evangelie” is uitgelaat.
16:24 VERS UITGELAAT: “Die guns van die Meester YAHUSHA dié Gesalfde sy met julle almal! Amein”.

1 KORINTHIËRS:
5:4, 9:1, 9:18 en 16:23 “Gesalfde” is uitgelaat.
6:20 “duur... en in julle gees wat aan VADER behoort” is uitgelaat.
10:28 “want die aarde behoort aan YAH en die volheid daarvan” is uitgelaat.
15:47 “YAH” is uitgelaat.
16:22 “YAHUSHA dié Gesalfde” is uitgelaat.

2 KORINTHIËRS:
4:10 “Meester” is uitgelaat.
5:18 “YAHUSHA” is uitgelaat.
10:7 en 11:31 “dié Gesalfde” is uitgelaat.
11:31 “onse” is uitgelaat.

GALÁSIËRS:
3:1 “om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie” is uitgelaat. Dit verander die betekenis van die teks.
3:17 “in dié Gesalfde” is uitgelaat. Die teks is nou heeltemal verdraaid.
4:7 “deur dié Gesalfde” is uitgelaat.
6:15 “in dié Gesalfde YAHUSHA” is uitgelaat.
6:17 “YAH” is uitgelaat. “in my liggaam” is verander na “aan my liggaam”.

EFÉSIËRS:
3:9 “deur YAHUSHA dié Gesalfde” is uitgelaat.
3:14 “van onse Meester YAHUSHA dié Gesalfde” is uitgelaat.
5:30 “van sy vlees en van sy bene” is uitgelaat.
6:1 “in YAH” is uitgelaat.
6:10 “my broeders” is uitgelaat.

FILIPPENSE:
2:16 “deurdat julle die woord van die lewe vashou” is verander na “deur die woord van die lewe uit te dra”. Lees vers 14 tot 16 om die verband van die verandering in betekenis te kan sien.
3:16 “laat ons eensgesind wees” is uitgelaat.
4:13 “dié Gesalfde” is uitgelaat.

KOLOSSENSE:
1:2 “en die Meester YAHUSHA dié Gesalfde” is uitgelaat.
1:14 “deur sy bloed” is uitgelaat. Hier word die bloed van YAHUSHA uit die verlossingsplan weggelaat. Dit is een van verskeie kern stellings oor lossing wat in die Nuwe Vertaling in die slag bly.
1:28 “YAHUSHA” is uitgelaat.
3:6 “kinders van die ongehoorsaamheid” is verander na “mense wat aan Hom ongehoorsaam is”.

TESSALONISENSE:
1:1 “van VADER onse Vader en die Meester YAHUSHA dié Gesalfde” is uitgelaat.
2:19, 3:11, 3:13 en 2 Tess. 1:12 “dié Gesalfde” is uitgelaat.

1 TIMÓTHEÜS:
1:1 en 5:21 “Meester” is uitgelaat.
1:17 “alleen wyse VADER” is verander na “enigste VADER”.
2:7 “in Gesalfde” is uitgelaat.
3:16 “VADER is geopenbaar in die vlees” is verander na “As mens het die Here in die wêreld gekom”. Hierdie teks oor YAH YAHUSHA se Lofwaardigheid is só verander dat dit sy uiters belangrike grondbetekenis verloor het.

1 TIMÓTHEÜS:
4:12 “in gees” is uitgelaat.
5:21 “Meester” is uitgelaat.
6:5 “onttrek jou aan sulke mense” is uitgelaat. Was hierdie opdrag vir die vertalers onaanvaarbaar?

2 TIMÓTHEÜS:
1:11 “van die heidene” is uitgelaat.
4:1 “YAH” is uitgelaat.
4:22 “YAHUSHA dié Gesalfde” is uitgelaat.

TITUS EN FILÉMON:
Titus 1:4 “YAH” is uitgelaat.
Filémon v. 6 “YAHUSHA” is uitgelaat.
Filémon v. 12 “maar neem jy hom” is uitgelaat.

HEBREËRS:
1:3 “deur Homself” is uitgelaat.
2:7 “en hom oor die werke van u hande aangestel” is uitgelaat. “U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak” is verander na “U het hom 'n kort tydjie minder as die engele gemaak”.
3:1 “Gesalfde” is uitgelaat.
7:21 “volgens die orde van Melgisédek” is uitgelaat. “U is” is verander na “Jy is”.
10:9 “o VADER” is uitgelaat.
10:29 “Onrein geag” is verander na “geminag”. Dit verander die betekenis.
10:30 “spreek YAH” is uitgelaat.
10:34 “in die hemele” is uitgelaat.

PETRUS:
1:22 “siele deur die Gees” is uitgelaat.
4:1 “vir ons” is uitgelaat. Die vers is nou vir ‘n verkeerde vertolking oop.
4:14 “wat hulle betref, word Hy wel gelaster; maar wat julle betref word Hy hooggeag” is uitgelaat.
5:11 “die lofwaardigheid… alle” is uitgelaat. Dit verander die teks en water die trefkrag daarvan af.
5:14 “YAHUSHA” is uitgelaat.
2 Pet. 2:17 “vir ewig” is uitgelaat.

1 JOHANNES:
1:7 “Gesalfde” is uitgelaat.
2:7 “van die begin af” is uitgelaat.
4:3 “Gesalfde in die vlees” is uitgelaat.
4:9 “eniggeborene” is verander na “enigste”.

1 JOHANNES:
4:19 “Hom” is uitgelaat. Dit verander die betekenis.
5:7 “Want daar is drie wat getuig in die hemel: die VADER, die Woord en die Rein Gees, en hierdie drie is een.” Dié kern teks oor die Lofwaardigheid van YAHUSHA as die vleesgeworde Woord, asook oor die Drie – eenheid leer, is drasties verander en kortgeknip na: “Daar is dus drie wat getuig”. Daar het feitlik niks van die teks se oorspronklike betekenis oorgebly nie, en in die Nuwe Vertaling is 1 Joh. 5:7 presies net soos wat dit in die verdraaide Skrif van die Jehovasgetuies voorkom. Uit die aard van die saak is hulle baie bly hieroor omdat hulle die Lofwaardigheid van YAHUSHA loën.
5:8 “en daar is drie wat getuig op die aarde” is uitgelaat om die huidige én die voorafgaande teks nog meer kragteloos en betekenisloos te maak.
5:13 “die Naam van” is twee maal uitgelaat. Hierdie teks oor geloofsekerheid is ook kortgeknip en van baie van sy betekenis beroof.

OPENBARING:
1:8 “die begin en die einde” is uitgelaat.
1:9 “Gesalfde” is twee maal uitgelaat.
1:11 “Ek is die Alfa en die Omega, die eerste en die laaste” is uitgelaat.
2:13 “Ek ken jou werke” is uitgelaat.
5:14 “vier en twintig” is uitgelaat. “wat lewe tot in alle ewigheid” is in die laaste gedeelte van die vers uitgelaat.
8:13 “engel” is verander na “arend”.
11:17 “en wat kom” is uitgelaat, waarskynlik omdat dit na die wederkoms van YAHUSHA dié Gesalfde verwys.
12:17 “dié Gesalfde” is uitgelaat.
14:5 “voor die troon van VADER” is uitgelaat.
14:20 “tweehonderd myl” is verander na “sestien honderd kilometer”. In hierdie teks eis die eiesinnige eksegetiese vertaling van vergeesteliking teoloë ‘n baie groot tol. In die grondteks word na 1600 stadia verwys. ‘n Stadion is 200 meter (220 treë). Die werklike afstand is dus 200 myl of 320 kilometer. Die vertalers het besluit om bloot die stadia na kilometer te verander “aangesien Openbaring in elk geval ‘n simboliese boek is en dit nie letterlik opgeneem moet word nie.” Hoe die bloed vir 1600 kilometer in die vallei van Megiddo kan vloei, sal net hulle weet.
16:5 “Meester” is uitgelaat.
16:17 “van die hemel” is uitgelaat.
20:9 en 12 “VADER” is uitgelaat.
21:16 “duisend - vyfhonderd myl” is verander na “twaalf duisend kilometer”. Dieselfde growwe berekeningsfout as dié in Openbaring 14:20 is hier gemaak. Dit beteken dat die nuwe Jerusalem ‘n omtrek van 48 000 kilometer het, terwyl die aarde se omtrek 40 000 kilometer is. Hierdie stad moet op die nuwe aarde rus, maar dit lyk nou of dit die aarde gaan insluk.

OPENBARING:
Die werklike omtrek van die nuwe Jerusalem is volgens die Skrif egter 1 500 myl (2 400 kilometer) aan elke kant, en dus in totaal 9 600 kilometer rondom. Die vertalers se optelsom is dus byna veertig duisend kilometer uit! Dit is simptomaties van die baie ander mistastinge in hulle vertalings oefening.
21:24 "van die wat gered word" is uitgelaat.
22:21 "Gesalfde" is uitgelaat.

Houding Ten Opsigte van die Nuwe Vertaling
Dit is baie duidelik dat fundamentele Yashar'EL nie die nuwe vertaling ongekwalifiseerd as die Woord van VADER kan aanvaar nie. Daar is heeltemal te veel onverskoonbare foute, menslike vertolkings en weglatings in wat met voorbedagte rade deel van die vertaling strategie gevorm het. Ons glo aan die profetiese inspirasie, onfeilbaarheid en onveranderlikheid van die Skrifte as die Woord van VADER. Dit moet in sy letterlike, grammaties - historiese grondbetekenis eerbiedig word. Die Skrifte is nie 'n speelbal vir teoloë wat allerlei nuwe idees het nie. Dit is belangrik om daarop te let hoe die Skrif homself definieer:
Dit is nie menslik in oorsprong nie, maar die Woord van VADER:
"En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Reine Gees gedrywe, het die afgesonderde mense van VADER gespreek" (2 Pet. 1:19-21).
YAHUSHA is die Seun deur VADER gestuur en Hom aan ons geopenbaar. (Joh. 1:1-14). Sy woorde, wat in die Skrif opgeteken is, is gees en lewe (Joh. 6:63). YAH [dié Seun] is die outeur van die Skrifte:
"Die hele Skrif is deur VADER ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van VADER volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim. 3:16).
VADER sal diegene straf wat Sy Woord [YAHUSHA] minag deur moedswillig aan die Skrifte te verander:
"As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal VADER oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie Boeke geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek [of Boeke] van hierdie profesie wegneem, dan sal VADER sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is" (Op. 22:18-19).
"Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van YAH julle Skepper mag onderhou, wat ek julle beveel" (Deut. 4:2).

Ek voeg nog ‘n verdere verdraaiings en weglatings in. Daar is dupliserings wat verskoon moet word.

Die Woord van VADER versus Die 1983 Vertaling

'n Aantal van die belangrikste verskille tussen die Ou Vertaling (1933 soos in 1953 hersien) en die Nuwe Vertaling (1983) word hieronder aangetoon. Slegs enkele tekste word uit die Ou Verbond [Testament] aangehaal; daar is nog baie meer.

Verwysing	Ou Vertaling (1953)	Nuwe Vertaling (1983)
Gen. 1:26	"En ons Skepper het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na Ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip."	"Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip."
Kommentaar: Die woord "verteenwoordiger" is bygevoeg. Daar is geen sprake van 'n "verteenwoordiger" van Skepper in die Ou Vertaling nie en ook nie in die King James Version (KJV) nie. [Vgl. King James Version (1611) “And God said, Let us make man in our image, after our likeness: and let them have dominion over the fish of the sea, and over the fowl of the air, and over the cattle, and over all the earth, and over every creeping thing that creepeth upon the earth”]		
Verwysing	Ou Vertaling (1953)	Nuwe Vertaling (1983)
Gen. 1:27	"En ons Skepper het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van ons Skepper het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape."	"God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep."
Kommentaar: Vanaf Genesis 1 tot Genesis 4 word daar na Adam verwys as "die mens" bv. "die mens en sy vrou". (Vgl. Gen 3:20,21) Waar daar in bg. teks na die mens verwys word, beteken dit die man, Adam. Die man is na die beeld van ons Skepper geskape. Die vrou is uit die man geskep as hulp vir die man en om by hom te pas. (Vgl. KJV: "So God created man in his own image, in the image of God created he him; male and female created he them.") Vgl. ook Gen 5:1 in die Ou Vertaling. Vgl. 1 Kor. 11:7 "Want 'n man moet die hoof nie bedek nie, omdat hy die beeld en heerlikheid van ons Skepper is; maar die vrou is die waardigheid van die man".		

(KJV: "For a man indeed ought not to cover his head, forasmuch as he is the image and glory of God: but the woman is the glory of the man.") In die Nuwe Vertaling is dit baie vaag gestel en word dit vertolk asof die mens ons Skepper se verteenwoordiger is en asof albei na die beeld van ons Skepper geskape is, wat 'n leun is.		
Gen. 2:1	"So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag."	"Die hemel en alles daarin is voltooi en ook die aarde en alles daarop."
Kommentaar: Die Nuwe Vertaling is hier baie vaag. Wat is die "alles" waarna verwys word? Die Ou Vertaling is spesifiek. Hier word na ons Skepper se leërmag verwys. Vgl. Ps 33:6. Dit verwys ook na die leër van die hemel nl. Die sterre, Vgl. Deut 4:19; Deut 17:3 en Dan 8:10. Vgl. ook Jes. 31:35; Ps.84:9 en Amos 5:27 waar daar na "YAH of ons Skepper van die leërskare" verwys word wat die engele leërskare insluit vgl. Luk 2:13; Dan 7:10; Open. 5:11.		
Gen. 2:17	"maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe."	"maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy."
Kommentaar: (Vgl. King James Version (KJV): "But of the tree of the knowledge of good and evil, thou shalt not eat of it: for in the day that thou eatest thereof thou shalt surely die") Indien dit die boom van alle kennis was, sou die mens nou alwetend gewees het. Vgl. Gen 3:22		
Gen. 2:18	"Ook het die YAH ons Skepper gesê: " Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas. "	"Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."
Kommentaar: Die woorde "sy gelyke" is bygevoeg om by die gelykheid beginsel (equality) van die Nuwe Wêreldorde van Ha satan in te pas. Dit is 'n humanistiese benadering om by die mens en menseregte aan te pas. Gelykheid is een van Ha satan se groot leuens. Met die laaste oordeel sal daar laastes wees wat eerste sal wees, en eerstes wat laaste sal wees (Luk 13:30 en Mat 19:30). Volgens die skeppings orde en die gesagsorde deur ons Skepper ingestel, is die man die hoof van die vrou. Die man is eerste geskape. Ons Skepper het die man uit die stof van die aarde geformeer. Die vrou is egter daarna uit die man geskape. Die man is ook nie terwille van die vrou geskape nie, maar die vrou ter wille van die man. Daar kan dus geen sprake van gelykheid wees nie (Vgl. Gen 3:16; 1 Pet 3:1-7; 1 in die Ou Vertaling). (Vgl. KJV "And the LORD God said, It is not good that the man should be alone; I will make him an help meet for him.")		

Gen. 2:20	"So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie."	"Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie 'n helper, 'n gelyke, gekry nie."
Kommentaar: Die woorde " 'n gelyke " is weereens bygevoeg om by die gelykheid beginsel (equality) van die Nuwe Wêreldorde in te pas. Die vrou is as hulp vir die man geskape en om by hom te pas. (Vgl. King James Version "And Adam gave names to all cattle, and to the fowl of the air, and to every beast of the field; but for Adam there was not found an help meet for him.")		
Gen. 2:23	"Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem."	"Toe sê die mens: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy "vrou" genoem word; sy is uit die man geneem."
Kommentaar: Vers 23 is verdraai deur die woorde "een soos ek" te gebruik om aan te pas by "sy gelyke" om weereens by die gelykheid beginsel van die Nuwe Wêreldorde soos hierbo genoem, in te pas. (King James Version: "And Adam said, This is now bone of my bones, and flesh of my flesh: she shall be called Woman, because she was taken out of Man").		
Gen. 2:24	"Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees."	"Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word."
Kommentaar: Die woorde "een vlees wees" is vervang met "een word" vgl. Efés. 5:31,32 (King James Version: " For this cause man leave his father and his mother, and shall cleave unto his wife: and they shall be one flesh.")		
Gen. 3:22	"Toe sê die Meester ons Skepper: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken."	" Toe het die Here God gesê: Die mens het nou soos een van Ons geword deurdat hy alles kan ken."
Kommentaar: Die kind van ons Skepper besit die vermoë om te onderskei tussen goed en kwaad. Die mens het dus nie alwetend geword soos ons Skepper, deur alles te ken nie.		
Verwysing	Ou Vertaling (1953)	Nuwe Vertaling (1983)
Gen. 5:1	"Dit is die stamboom van Adam. Die dag toe ons Skepper Adam geskape het, het Hy hom gemaak na die gelykenis van ons Skepper." [en VADER]	"Hier volg die geslagsregister van Adam. Toe God die mense geskep het, het Hy hulle gemaak as beeld van Homself."

Kommentaar: Hier word na die skepping van Adam verwys. Slegs Adam is na die beeld en gelykenis van ons Skepper geskape en daarom verwys die Ou Vertaling in genoemde teksvers na die woord "hom". (King James Version: "This is the book of the generations of Adam. In the day that God created man, in the likeness of God made he him;") Vgl. ook Gen 1:27 in die Ou Vertaling. Dit is dus 'n dwaling om die term "hulle" hier te gebruik.		
Gen. 32:24-30	Maar Jakob het alleen agtergebly, en 'n Man het met hom geworstel tot dagbreek. En toe Hy sien dat Hy hom nie kon oorwin nie, slaan Hy hom op sy heupbeen, sodat die heupbeen van Jakob uit lit geraak het in die worsteling met Hom. Toe sê Hy: Laat My gaan, want die dag het gebreek. Maar hy antwoord: Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën. En Hy vra hom: Hoe is jou naam? En hy antwoord: Jakob. Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Yashar'EL; want jy het geworstel met jou Skepper en met die mense en het oorwin. Daarop vra Jakob en sê: Maak tog u Naam bekend! En Hy antwoord: Waarom vra jy tog na my Naam? En Hy het hom daar geseën. Toe noem Jakob die plek Pniël; want, het hy gesê, ek het ons Skepper gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered. En die son het vir hom opgegaan net toe hy Pniël verby was; en hy was mank aan sy heup. Daarom eet die kinders van Yashar'ELdie heupsening, wat aan die heupbeen is, tot vandag toe nie, omdat Hy Jakob op die heupbeen, aan die heupsening, geslaan het.	Jakob het alleen daar agtergebly, en 'n man het tot dagbreek met hom gestoei. Toe die man agterkom dat hy nie vir Jakob kan wen nie, het die man, terwyl hy met hom stoei, vir Jakob teen die heup geslaan sodat dit uit die potjie gespring het. Die man het vir Jakob gesê: "Los my, want die dag breek." Jakob het geantwoord: "Ek sal jou net los as jy my seën." Toe vra die man: "Wat is jou naam?" en hy antwoord: "Jakob." Die man het gesê: "Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Yashar'EL, {Die naam Yashar'EL herinner aan die Hebreeuse woorde vir "stryd voer" en "God"} want jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou." Toe sê Jakob: "Sê my tog jou naam," en die man vra: "Waarom vra jy my naam?" Hy het vir Jakob net daar geseën, en Jakob het die plek Pniël {Die naam Pniël herinner aan die Hebreeuse woorde vir "aangesig" en "God"} genoem, "want", het hy gesê, "ek het God van aangesig tot aangesig gesien en tog het ek nie omgekom nie." (Laaste twee sinne is uitgelaat)

Kommentaar: Die "Man" waarna in die Ou Vertaling verwys word, is die "Engel van die VADER", deur wie YAHUSHA in die Ou Testament verskyn het. (Vgl. Hos. 12:3-4). Dit is waarom dit in hoofletters is. Dit was nie ‘n gewone man nie, want in vers 30 word daar na ons Skepper verwys. Die Nuwe Vertaling verwys sommer na ‘n gewone man, wat deur Jakob as "jy" en "jou" aangespreek word. Let op die klein letters. Ons Skepper word hierdeur geminag.		
Gen. 43:34	"Hierop het hy aan hulle porsies uitgedeel van die ete wat voor hom staan... En hulle het gedrink en saam met hom vrolik geword."	"Elkeen se kos is van Josef se tafel af aangegee... Hulle het wyn gedrink en saam met Josef dronk geword."
Lev. 18:7	"Jy mag die skaamte van jou vader en die skaamte van jou moeder nie ontbloot nie: sy is jou moeder jy mag haar skaamte nie ontbloot nie."	"Jy mag nie jou pa die skande aandoen dat jy met jou ma gemeenskap het nie. Sy is tog immers jou ma. Jy mag nie met haar gemeenskap hê nie."
Kommentaar: (KJV) "The nakedness of thy father, or the nakedness of thy mother, shalt thou not uncover: she is thy mother; thou shalt not uncover her nakedness." Vgl. Gen 9:22-25. Hier word die ontbloting van die naaktheid van jou pa en jou ma verbied. Die Nuwe Vertaling is hier verdraai.		
Deut. 23:2	"Geen baster mag in die vergadering van die YAH kom nie; selfs sy tiende geslag mag in die vergadering van die YAH nie kom nie."	"Niemand wat gebore is uit ontoelaatbare geslags-gemeenskap mag lid van die gemeente word nie, selfs nie so 'n persoon se tiende nageslag nie."
Kommentaar: (KJV) "A bastard shall not enter into the congregation of the LORD; even to his tenth generation shall he not enter into the congregation of the LORD" . Vgl. Sag 9:6. Die Nuwe Vertaling skram doelbewus weg van die term " baster". In die Nuwe Vertaling word daar t.o.v. ontoelaatbare geslagsgemeenskap verwys na Lev 18:6-20 wat ook alreeds verdraai is.		
Rigt. 13:4	"Neem jou dan nou tog in ag en drink geen wyn of sterk drank nie en eet niks wat onrein is nie".	"Jy moet jouself goed oppas en nie wyn of bier drink nie en ook nie iets onreins eet nie."
Kommentaar: "Sterk drank" is verander na "bier". (KJV) "Now therefore beware, I pray thee, and drink not wine nor strong drink, and eat not any unclean thing."		
Ps. 2:6	Ek tog het My Koning gesalf oor Sion, My Afgesonderde berg. [VADER salf YAHUSHA]	"Dit is Ek wat hom as my koning gesalf het op Sion, my heilige berg."

Kommentaar: Ps. 2 handel oor die stryd en oorwinning van YAHUSHA dié Gesalfde, maar "hom" en "koning" is met kleinletters.		
Ps. 2:7	Die MEESTER het aan My gesê: U is My -Seun, vandag het Ek self U gegenereer.	Hy het vir my gesê: "Jy is -my seun, van vandag af is Ek jou Vader.
Kommentaar: "Seun" (YAHUSHA) is ‘n klein letter en "U" is verander na "jy" en "jou".		
Ps. 2:12	Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan Sy toorn ontvlam.	en Hom onderdanig wees, sodat Hy nie toornig word en julle op die pad omkom nie, want sy toorn ontvlam gou.
Kommentaar: "Kus die Seun", verdwyn hier in vers 12. In die Nuwe Vertaling is hier geen aanduiding dat dit YAHUSHA is nie.		
Verwysing	Ou Vertaling (1953)	Nuwe Vertaling (1983)
Ps. 22:17	"...'n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en my voete deurgrawe."	"Die bende misdadigers sak op my toe, hulle bind my hande en voete vas."
Kommentaar: Hierdie Psalm is 'n Messiaanse profesie wat op die foltering dui. YAHUSHA se hande en voete is nie vasgebind nie, maar deurgrawe (deurboor).		
Ps. 22:19	Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad.	Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies oor my mantel.
Kommentaar: Gewaad is met mantel vervang. Die lot is nie oor Dié Gesalfde se mantel gewerp nie, maar oor Sy onderkleed (gewaad) vgl. Joh. 19:23-24; Matt. 27:35.		
Ps. 23:1	" 'n Psalm van Dawid. YAH is my herder; niks sal my ontbreek nie."	" 'n Psalm van Dawid. Die Here is my herder, ek kom niks kort nie."
Kommentaar: (KJV) "The LORD is my shepherd; I shall not want."		
Ps. 23:2	"Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen."	"Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is."
Kommentaar: (KJV) "He maketh me to lie down in green pastures: he leadeth me beside the still waters."		
Ps. 23:3	"Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om Sy Naam ontwil."	"Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam."
Kommentaar: Die Psalmdigter se siel word verkwik en nie sy liggaamskragte nie. (KJV) "He restoreth my soul: he leadeth me in the paths of righteousness for his name's sake."		

Ps. 23:4	"Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen boosheid vrees nie; want U is met my: u stok en u staf die vertroos my."	"Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig."
Kommentaar: (KJV) "Yea, though I walk through the valley of the shadow of death, I will fear no evil: for thou art with me; thy rod and thy staff they comfort me."		
Ps. 23:5	"U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor."	"U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk. U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid."
Kommentaar: (KJV) "Thou preparest a table before me in the presence of mine enemies: thou anointest my head with oil; my cup runneth over".		
Ps. 23:6	"Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die ons Skepper bly in lengte van dae".	"U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae".
Kommentaar: (KJV) "Surely goodness and mercy shall follow me all the days of my life: and I will dwell in the house of the LORD forever". Psalm 23 is so afgewater in die Nuwe Vertaling dat dit sy waarde verloor het.		
Ps. 31:6	In u hand gee ek my gees oor; U het my los gekoop, ons Skepper, Skepper -van trou.	In u hande gee ek my lewe oor, want, Here, troue God, U het my -vrygemaak.
Kommentaar: Dit is Dié Gesalfde se laaste folterings woorde (Luk 23:46 OAV). YAHUSHA het Sy Gees aan VADER oorgegee.		
Ps. 69:22	"En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn laat drink."	"Toe ek honger was, het hulle my gif aangebied, toe ek dors was, wou hulle my asyn laat drink."
Kommentaar: (KJV: "They gave me also gall for my meat; and in my thirst they gave me vinegar to drink"). Hierdie is nog 'n Messiaanse profesie wat op die foltering dui, maar let op hoe is dit verander. Vgl Mat 27:34,48		
Ps. 80:16	"en wees 'n beskerming vir wat u regterhand geplant het, en oor die seun wat U vir Uself grootgemaak het."	"Hou in stand wat U met u eie hand geplant het, die wingerdstok wat U vir Uself gekweek het"!
Ps. 80:18	"Laat u hand wees oor die man van u regterhand, oor die mens se seun wat U vir Uself grootgemaak het."	"Hou u hand oor die mense wat deur U uitgekies is, oor die volk wat U vir U grootgemaak het."

Kommentaar: King James Version: "Let thy hand be upon the man of thy right hand, upon the son of man whom thou madest strong for thyself."		
Ps. 83:13	wat sê: "Laat ons die woninge van ons Skepper vir ons in besit neem!"	wat gesê het: "Kom ons vat die weivelde van God vir ons."
Kommentaar: (KJV) "Who said, Let us take to ourselves the houses of God in possession."		
Ps. 84:9	" ons Skepper, Skepper van die leërskare, hoor my gebed; luister tog, o Skepper van Jakob! Sela."	"Here, almagtige God, hoor my gebed, luister tog, God van Jakob! Sela"
Kommentaar: (KJV) "O LORD God of hosts, hear my prayer: give ear, O God of Jacob. Selah." Die benaming " Skepper van die leërskare" kom nêrens in die Nuwe Vertaling voor nie. Sien ook Amos 5:27		
Ps. 84:10	"o Skepper, ons skild, kyk en aanskou die aangesig van u gesalfde."	"Sien tog om na die koning, ons beskermer, o God; hou u gesalfde onder u sorg."
Kommentaar: (KJV) "Behold, O God our shield, and look upon the face of thine anointed." In die Nuwe Vertaling lyk dit of die koning die beskermer is.		
Verwysing	Ou Vertaling (1953)	Nuwe Vertaling (1983)
Ps. 110:1	Ons Skepper het tot my Skepper gespreek: Sit aan My regterhand, totdat Ek U vyande maak 'n voetbank vir U voete.	Die Here het vir my heer die koning gesê: "Kom sit aan my regterhand, en Ek sal jou vyande aan jou onderwerp."
Kommentaar: Dit dui op YAHUSHA dié Gesalfde, maar hier d.m.v. kleinletters versluier en verloën. ‘Die Skepper (VADER) het tot my Skepper (YAH) gespreek’. Vgl. Matt. 22:44; 26:64; Mark. 12:36; Luk. 20:42-43; Hand. 2:34-35		
Ps. 118:26	Geseënd is Hy wat kom in die Naam van YAH!	Prys hom wat in die Naam van die Here kom!
Jes. 7:14	"Daarom sal ons Skepper self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem."	"Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem."
Kommentaar: "Therefore the Lord himself shall give you a sign; Behold, a virgin shall conceive, and bear a son, and shall call his name Immanuel." Dit is 'n teken ('n wonderwerk) as 'n maagd swanger raak, maar nie as 'n jong vrou swanger raak nie. 'n Jong vrou is nie noodwendig 'n maagd nie. Die Nuwe Vert. skram doel bewustelik van die maagdelike geboorte van YAHUSHA en 'n konnotasie met Matt. 1:23 weg. In Jesaja 7:14 staan daar letterlik dat: "...die maagd sal swanger word en 'n kind hê", m.a.w. die maagd sal 'n kind hê wat nie deur 'n man verwek is nie. Vgl ook Matt 1:18-25		

Jes. 49:1	"Hoor na My, eilande, en luister, volke wat ver is! Ons Skepper het My geroep van die moederskoot af, van My geboorte af het Hy My naam genoem."	"Luister na My, eilande, gee aandag, nasies wat ver is! Die Here het my voor my geboorte al geroep; toe ek nog in my moeder se liggaam was, het Hy my op my naam genoem."
Kommentaar: Hier is 'n poging aangewend om een van die Messiaanse profesieë te versluier. Die woord "My" wat op die Meester YAHUSHA dui, is in die Nuwe Vertaling met 'n kleinletter geskryf. As gevolg van hierdie versluiering kan die leser van die Nuwe Vertaling nie vasstel dat hierdie teks na YAHUSHA verwys nie.		
Jes.49:2	"En Hy het my mond gemaak soos 'n skerp swaard, in die skaduwee van Sy hand het Hy My verberg; en Hy het My 'n skerp pyl gemaak, in Sy pylkoker My weggesteek"	"Hy het my mond soos 'n skerp swaard gemaak, my in die skaduwee van sy hand verberg, Hy het my 'n skerp pyl gemaak en my in sy pylkoker weggesteek"
Kommentaar: Hier is nog 'n Messiaanse profesie versluier deur die woord "My" wat op die Meester YAHUSHA dui, in die Nuwe Vertaling met 'n kleinletter te skryf. In die Nuwe Vertaling, word YAHUSHA in al hierdie Messiaanse profesieë verloën.		
Jes. 49:3	"en Hy het vir My gesê: Jy is My kneg, Yashar'EL, in wie Ek My verhef."	"Hy het vir my gesê: Jy is my dienaar, jy is Yashar'EL, deur jou maak Ek my mag bekend."
Kommentaar: Weer eens is die Messiaanse profesie versluier deur die woord "My" wat op die Meester YAHUSHA dui, in die Nuwe Vertaling met 'n kleinletter te skryf.		
Jes.49:5	"En nou sê ons Skepper [VADER] wat My van die moederskoot af geformeer het om Sy Kneg te wees, om Jakob na Hom terug te bring en dat Yashar'EL by Hom versamel mag word – en Ek word geëer in die oë van ons Skepper, en My Skepper is my sterkte --"	"En nou maak die Here 'n aankondiging, Hy wat my in die moederskoot al sy dienaar gemaak het om Jakob na Hom toe terug te bring sodat Yashar'EL nie meer verstrooi sal wees nie. Die Here het my 'n belangrike opdrag gegee en my God gee my die krag om dit te doen."
Kommentaar: Hier is nog 'n Messiaanse profesie versluier deur die woorde "my" en "dienaar" wat op die Meester YAHUSHA dui, in die Nuwe Vertaling met kleinletters te skryf.		
Jes.52:13	"Kyk, My Kneg sal voorspoedig wees, Hy sal hoog en verhewe, ja, baie hoog word."	"My dienaar sal voorspoedig wees. Hy sal hoog in aansien wees, hy sal baie eer ontvang."

Kommentaar: Die woord "Kneg" wat op die Meester YAHUSHA dui, is in die Nuwe Vertaling met die woord "dienaar" vervang en ook met 'n kleinletter geskryf om die Messiaanse profesie te versluier.		
Jes. 52:15	"so sal Hy baie nasies laat opspring, konings sal hulle mond oor Hom toehou; want wat aan hulle nie vertel is nie, sien hulle; en wat hulle nie gehoor het nie, word hulle gewaar."	"Maar hy gaan baie nasies laat opspring van verbasing. Konings sal sprakeloos wees oor hom, want hulle sal iets sien wat nie aan hulle vertel is nie, hulle sal iets te wete kom wat hulle nog nooit gehoor het nie."
Kommentaar: Hier is nog 'n Messiaanse profesie versluier deur die woorde "Hy" en "Hom" wat op die Meester YAHUSHA dui, in die Nuwe Vertaling met kleinletters te skryf.		
Jes. 53:2	"Hy tog het soos 'n loot voor Sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of lofwaardigheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie."	"Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie."
Kommentaar: Weereens is die Messiaanse profesie versluier deur die woord "Hom" wat op die Meester YAHUSHA dui, in die Nuwe Vertaling met 'n kleinletter te skryf.		
Jes. 53:3	"Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie."	"Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie."
Kommentaar: Hier is nog 'n Messiaanse profesieë versluier deur die woord "Hom" wat op die Meester YAHUSHA dui, in die Nuwe Vertaling met 'n kleinletter te skryf. (Vgl. Mark 9:12)		
Verwysing	Ou Vertaling (1953)	Nuwe Vertaling (1983)
Jes. 53:4	"Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte -- die het Hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur VADER geslaan en verdruk was."	"Tog het hy ons lyding op hom geneem, ons siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word."

Kommentaar: Hier is die woorde "Hy" en "Hom" wat op die Meester YAHUSHA dui, in die Nuwe Vertaling met kleinletters geskryf. Weereens wil die vertalers nie hê dat YAHUSHA hierin gesien moet word nie. Volgens Matt. 8:17 is dit egter onteenseglik 'n Messiaanse profesie.		
Jes. 61:1	"Die Gees van die Meester [VADER] ons Skepper is op My, omdat ons Skepper My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis"	"Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om die wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir die wat opgesluit is"
Kommentaar: Hier is nog 'n Messiaanse profesieë versluier deur die woord "My" wat op die Meester YAHUSHA dui, in die Nuwe Vertaling met 'n kleinletter te skryf.		
Jes. 63:9	In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van Sy aangesig het hulle gelos; deur Sy liefde en deur Sy medelyde het Hy hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd.	Uit al hulle nood. Hy was vir hulle nie 'n vyand nie, Hy self was die engel wat hulle gered het. Hy het hulle verlos deur sy liefde en ontferming; Hy het hulle opgetel en hulle altyd gedra.
Jer. 23:5	"Kyk, daar kom dae, spreek Skepper [VADER], dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land."	"Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek vir Dawid 'n regverdige spruit sal laat opskiet, 'n koning wat verstandig sal regeer. Hy sal die reg eerbiedig en regverdig regeer in sy land."
Kommentaar: Hier is nog 'n Messiaanse profesieë versluier deur die woorde "Spruit" en "Koning" wat op die Meester YAHUSHA dui, in die Nuwe Vertaling met kleinletters te skryf.		
Dan. 7:13	"Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens" [die mens – "Son of man", soos in die King James Version].	"My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese."

Kommentaar: Die titel die Seun van die mens kom hier die eerste keer in die Skrifte voor, en dui onmiskenbaar op YAHUSHA. Die Nuwe Vert. verdraai dié titel só dat niemand dit kan erken nie. (KJV: "I saw in the night visions, and, behold, one like the Son of man came with the clouds of heaven, and came to the Ancient of days, and they brought him near before him").		
Dan. 7:14	"En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en Sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie."	"Aan die menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe hom sou dien. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie; sy koningskap sal nie ophou nie."
Kommentaar: Hier is nog 'n profesie wat op die Meester YAHUSHA dui. In die Nuwe Vertaling word daar verwys na " die menslike wese" met 'n kleinletter. Dit is nog 'n poging om die leser te mislei.		
Dan. 9:25-26	Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.	Jy moet nou goed verstaan, vandat die opdrag gegee is dat Jerusalem herstel en herbou moet word, totdat 'n regeerder kom wat deur God uitverkies is, sal sewe tydperke wees. Twee en sestig tydperke lank sal Jerusalem opgebou bly, met strate en verdedigings lote, maar dit sal moeilike tye wees. Aan die einde van die twee en sestig tydperke sal 'n regeerder onskuldig doodgemaak word. Die stad en die heiligdom sal verwoes word deur die volk van 'n ander regeerder wat op die toneel sal verskyn. Die einde sal kom soos 'n oorstroming; daar sal oorlog wees tot die einde toe, rampe soos besluit is.
Kommentaar: Die “Gesalfde” en “Vors” in hierdie verse is YAHUSHA dié Gesalfde. In die Nuwe Vertaling word dit met “regeerder” vertaal, maar met kleinletters geskrywe soos op so baie ander plekke, om te voorkom dat die leser besef dat dit YAHUSHA is. Dit is ‘n ontkenning van YAHUSHA.		

Amos 5:27	"Daarom sal Ek julle anderkant Damaskus in ballingskap wegvoer, sê die MEESTER wie se Naam YAH van die leërskare is."	"Wanneer Ek julle in ballingskap laat wegvoer ver by Damaskus verby, sê die Here. Sy Naam is Almagtige God."
Kommentaar: "YAH van die leërskare" is verander na "Almagtige God". Die benaming "YAH van die leërskare" kom nêrens in die Nuwe Vertaling voor nie. Hier word na die engele leërmag van ons Skepper verwys. Vgl. Gen 2:1; 32:1,2; Luk 2:13: Ps 33:6; Jos 5:14,15; Mat 26:53 in die Ou Vertaling. Dit is dus foutief om hierdie besondere benaming elke keer te vervang met die term "Almagtige God".		
Verwysing	Ou Vertaling (1953)	Nuwe Vertaling (1983)
Miga 5:1	"En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Yashar'EL sal wees; en Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid."	"Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Yashar'EL regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryse verlede."
Kommentaar: Volgens die nuwe weergawe van die teks bestaan die Messiahs nie van alle ewigheid af nie, maar is sy begin iewers in die gryse verlede. Weereens wil die vertalers nie hê dat YAHUSHA hierin gesien moet word nie. Volgens Matt. 2:6 en Joh. 7:42 is Miga 5:1 egter onteenseglik 'n Messiaanse profesie.		
Sag. 12:8	In die dag sal die MEESTER die inwoners van Jerusalem rondom beskut, en die struikelende onder hulle sal in die dag wees soos Dawid, en die huis van Dawid soos 'n hemelse wese, soos die Engel van die Skepper [VADER] voor hulle uit.	Daardie dag sal die Here die inwoners van Jerusalem beskerm. Selfs die swakste van hulle sal daardie dag soos Dawid word, en die koningshuis van Dawid sal soos 'n hemel wese word, soos die engel van die Here wat voor hulle uit gaan.
"Engel van die Meester" in die Ou Vert. met hoofletters, wys duidelik op YAHUSHA dié Gesalfde of ons Skepper self. (Ook "Engel van die Verbond" Mal. 3:1)		
Sag. 12:10	"Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van guns en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het."	"Maar oor die koningshuis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem bring Ek 'n gees van welwillendheid en van berou: hulle sal na hom kyk vir wie hulle doodgesteek het."

Kommentaar: In Sagaria sê ons Skepper dat Hy die Rein Gees, die "Gees van guns en smekinge", net voor die eindtydse koms van die Messiahs oor Yashar'EL sal uitstort sodat hulle Hom aan sy deurboorde hande en voete sal kan uitken en na Hom kan opsien vir redding. Die Nuwe Vert. maak hiervan net 'n humanistiese "gees van welwillendheid" wat onder mense vaardig sal word. Weereens skryf hulle die Messiahs uit die Ou Testament en verwys nie na "My vir wie hulle deurboor het" nie, maar na "hom vir wie hulle doodgesteek het." YAHUSHA is nie doodgesteek aan die kruis nie, maar het self sy lewe afgelê (Joh. 10:17-18). YAHUSHA se hande en voete is deurboor. In Joh. 19:33, 34 lees ons baie duidelik dat Hy reeds dood was toe die spies in sy sy gesteek is.		
Sag. 13:6	"En as iemand vir hom sê: Watter wonde is daar tussen jou hande? Dan sal hy antwoord: So is ek geslaan in die huis van my vriende."	"En as iemand vir die profeet sê: 'Wat se wonde het jy dan op jou bors?' sal hy antwoord: 'Iemand het my so geslaan in die huis van my vriende.' "
Mal. 3:10	"Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in My huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê ons Skepper van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie."	"Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie."
Kommentaar: Die woord "seën" wat allesomvattend is, is met die woord "reën" vervang. (KJV) "Bring ye all the tithes into the storehouse, that there may be meat in mine house, and prove me now herewith, saith the LORD of hosts, if I will not open you the windows of heaven, and pour you out a blessing, that there shall not be room enough to receive it."		

In Jes. 49:1-7; Jes. 53:1-12 en Jes. 61:1 lees ons talle profesieë oor YAHUSHA se koms na die aarde. In die ou vertaling word woorde soos MEESTER, Hom, Hy, My, Kneg, U en Regverdige spesifiek met hoofletters vertaal om aan te toon dat dit oor die komende Gesalfde YAH, dié Seun van VADER gaan. In die Nuwe Vertaling is dit alles in kleinletters geskryf – geen verwysing na Dié Gesalfde wat sou kom nie of dat Hy ons Skepper is nie. Wat wou hulle hierdeur bereik? Watter betekenis sou die woorde, "soos Hy gespreek het deur die mond van Sy afgesonderde profete van ouds af" (Luk. 1:70), dan nog enigsins hê as die Ou Testamentiese profesieë oor dié Gesalfde so verduister is?

Ek wil afsluit met klein dingetjies wat ook onsienlik weggelaat of verander word nl.:
Die woorde van Hooglied 2:15 is welbekend: *"Vang julle vir ons die jakkalse, die klein jakkalse wat die wingerde verniel, want ons wingerde staan in die bloei."* Dit is inderdaad so. Dikwels is dit die "*klein jakkalse"* wat die wingerd verniel. 'n Klein woordjie wat jy uiter na jou naaste en rusie met gevolge tree in. As jy iets by die Skrif in of uitlaat gee dit 'n heel anderste betekenis, daarom mag daar niks by of tussen die woorde van die Skrif bygevoeg of weggelaat word nie – soos dit in die Skrif bepaal word (o.a. in Deut. 4:2; 12:32; Jos. 1:7; Prediker 3:14; Openbaring 22:18-19).

'n Betekenisvolle vers in hierdie verband, is YAHUSHA se uitspraak in Matt 5:18 *"Voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie."* 'n *Jota* is een van die letters van die Hebreeuse alfabet – die kleinste van al die Hebreeuse letters " י " is – en stem ooreen met die Afrikaanse letter "J" of die Engelse letter "Y" (aan die begin van 'n woord). 'n *Tittel* is 'n klein strepie of teken wat aan die bo of onderkant 'n Hebreeuse letter geplaas word (bv.: ' of ,) om onderskeiding [aksent] aan te dui. As hierdie strepies weggelaat word, kan dit die betekenis van 'n woord of 'n sin totaal verander. Niemand het beter geweet hoe belangrik hierdie klein teken was, as die Jode self nie. Kyk gerus na die ou en die nuwe Hebreeuse skrifte. [Deut. 17:17] In die finale instansie is dit nie net die verandering of weglating van *letters* wat die Skrif van sy krag ontneem nie, maar ook die verandering of weglaat (of ignorering) van *woorde*, *sinne*, *hoofstukke* en totale *bedelings* (soos die hele sg. Ou Testament). Oneindige skade word gedoen deur mense wat mensgemaakte kriteria gebruik.
Letters, woorde en verse is op vindingryke wyse by die oorspronklike teks van die Skrif bygevoeg en weggelaat om bedenklike kerklike leerstellinge op so 'n manier te probeer rugsteun. Op die oog af lyk dit taamlik onskuldig. Ja, dit lyk soos "klein jakkalsies", maar dis hierdie klein jakkalsies wat die wingerd verniel het. Vandag pluk ons die wrange vrugte van grootskaalse *misleiding*, maar terselfdertyd ook grootskaalse *onsekerheid* oor wat om te glo en wat nie.

Wat kan ek en jy hieraan doen?

Matt. 5:18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.
Lewe soos mense wat ontdek het dat selfs wanneer die minste van die gebooie verbreek word, dit implikasies het vir die koninkryk van YAH.

Matt. 5:19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.
Lewe soos mense wat ontdek het dat selfs die geringste vorm van ware, Skrif gebaseerde geregtigheid groter is as die indrukwekkende geregtigheid van die Skrifgeleerdes en die Fariseërs, en al die sogenaamde geleerdes van hierdie wêreld.
Matt. 5:20 Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die Skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

Ns. : Met al die gegewe data kan ons sien hoe die volke mislei word deur in uitlating.
Bo en behalwe die veranderings van woorde uit die ou Skrifte is daar ‘n groter misleiding. Elk van die nuwe manne het gevoel dat daar baie foute in die 1933 / 53 vertalings is en dat hy dit wil deurgaan en die foute herstel en sommer op dieselfde tyd die oorspronklike Name in sit.
Nou sit ons met ‘n dilemma, want die een skrywer het ‘n enkele god (drie in een) begrip soos die kerke het en ‘n ander het ‘n VADER en ‘n Seun; Die een gee die VADER ‘n Naam en die ander nie; Die een dien die son en maan kalender en die ander nie; Die een besny en die ander nie.

Ons as die Skrif student moet iewers ‘n besluit neem waar dit moet stop. Die sodanige geleerde vriende van ons is besig om die openbaringe in die Skrifte te sluit vir die uitverkore (*Matt. 23:13 Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie Matt.5:18).*
My raad aan die uitverkore is bly by die 1933 / 53 vertaalde Skrif en lees dit saam (as verwysing) met die 1611 King James Skrif.

Ten laste ‘n waarskuwing aan die wat help om die verwarde skrifte te versprei: Weens julle dade sal julle ook voor die oordeel staan! Skryf eerder ‘n boek naas die Skrif om jou siening / lering deur te gee.

Bedink dit